**1 September** **Skrifgedeelte: Handelinge 4:32- 5:11**

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 11

## Die Godheid van die Heilige Gees

Reeds in Handelinge 4 sien ons hoe die Heilige Gees kragtig werk. Hy rus Petrus en Johannes toe om voor ’n vergadering van die Joodse Raad en belangrike leiers te praat (Hand 4:8). Hy antwoord gelowiges se gebede om beskerming en vervul hulle met vrymoedigheid om die Woord van God te verkondig (Hand 4:31). Hy bewerk groei, eensgesindheid en mededeelsaamheid in die eerste gemeente (Hand 4:32). So sit die verheerlikte Christus sy werk op aarde voort deur die Heilige Gees.

Ook vandag doen Hy dit. Nooit mag ons die vryheid om te aanbid en te verkondig, die vrede, eenheid en groei van ’n gemeente as vanselfsprekend aanvaar nie. Dit is iets waarom voortdurend gebid en gedank moet word. God gee immers sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle “wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank” (HK, So 45). Hierdie biddende afhanklikheid van die Heilige Gees is onontbeerlik in alle gemeentes.

Die oortuiging dat die Heilige Gees God is laat jou egter meer doen as net hande VOU in gebed. Dit laat ook jou hande OOPGAAN. Jy kry ’n nuwe uitsig op besittings en gawes. Alles is van God ontvang (1 Kor 4:7) en alles staan in sy diens. God duld geen skynheiligheid en voorgee op hierdie terrein nie. Die Heilige Gees waak in sy goddelikheid ook oor die heiligheid van sy gemeente.

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~